LAURIKA RAUCH

UITGEBREIDE BIOGRAFIE

OKTOBER/NOVEMBER 2021

Laurika is op 1 November in Kaapstad gebore, as die jongste kind van Fritz (Johnny) en Rina Rauch. Haar pa was tot en met sy aftrede die openbare betrekkingsbestuurder van Ou Mutual en haar ma was 'n opgeleide maatskaplike werkster, wat ondermeer ook redaktrise was van *Die Huisvrou*. Sy was ook baie betrokke by liefdadigheidswerk, veral onder bejaardes. Laurika het 'n suster, Ingrid, en 'n broer, Johan. Sy was van kleins af by musiek betrokke, het op 5-jarige ouderdom begin klavier speel en was lid van *Oom Hannes Uys se Kindersangkring*, 'n kinderkoor van Pinelands, vir 10 jaar. Sy het gematrikuleer aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad en haar graad in drama aan die Universiteit van Stellenbosch in 1972 verwerf. Laurika het na Gauteng in 1974 verhuis en nooit weer teruggekeer Kaap toe nie. In 1979 word sy'n huishoudelike naam met haar eerste treffer, *Kinders van die Wind*. Dit was die eerste Afrikaanse liedjie wat tegelykertyd in die nommer een posisie op die Radio 5 en Springbokradio treffersparades in die laat sewentigs was. Laurika was een van die mees prominente sangers wat betrokke was by die opbloei van die *nuwe Afrikaanse lied* in die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare.

Na twee jaar se betrokkenheid as aktrise by TRUK SPEELWERK in 1975-1976, onder die leierskap van Robin Malan, het sy ook aandag getrek met haar vertolkings van Jacques Brel se musiek met haar optredes in Taubie Kushlick se twee Jacques Brel-produksies van die vroeë tagtigerjare, ('Encore Brel!' en 'The best of Brel'), by die Chelseateater in Hillbrow.
In Augustus 1996 het sy opgetree saam met die Transvaalse Filharmoniese Orkes (herbenoem NAPOP - nou ontbind) in die Opera van die Staatsteater in 'n program wat uitsluitlik uit haar eie repertoire bestaan het. Die twee vertonings was uitverkoop.
Laurika het al in België, Nederland, Londen, Duitsland, die Tjeggiese Republiek, Australië en Nieu Zeeland opgetree. In Desember 1993 het sy voor 'n gehoor van 13 000 mense in Utrecht opgetree, begelei deur die bekende *Metropole Orkes*. In Maart 1997 het die Karels Universiteit in Praag haar en haar pianis (Fanie Fouché) uitgenooi om Afrikaans as die jongste been van die Dietse taalgroep te verteenwoordig voor 'n gehoor van akademici van regoor Europa en Oos-Europa. Die optredes was tydens die Departement van Nederlandistiek se 75ste Jubileum-feesvieringe by die universiteit.

Laurika is getroud met Christopher Torr, die komponis en skrywer van baie van haar grootste, asook mees onlangse treffers, soos *Stuur Groete aan Mannetjies Roux, Op Blouberg se Strand, Hot gates, Die Gang, Die mense op die Bus, My ou Tante Koba, Die Siener, Stille Waters* en nog baie meer. In 2011 het Chris se eerste musiekspel, *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, die lig gesien en meer as 50 uitverkoopte vertonings is in die vier hoofsentra gelewer. Die film van "Stuur Groete aan Mannetjies Roux" wat gebaseer is op die verhoogstuk, met Anna-Mart van der Merwe en Ian Roberts in die hoofrolle, is vroeg in Desember 2013 vrygestel.

Sy het in September 2013 'n toer na Australïe en Nieu Zeeland onderneem. Sy het saam met haar span in Auckland, Brisbane, Melbourne en Perth opgetree. Een van haar hoogtepunte is dat sy 'n Koala-beertjie in Brisbane kon vashou.

Laurika het haar eerste album in 4 jaar, *Wals, wals, Willemien* in 2014 vrygestel, *Die reis*, in Oktober 2016 en *Gunstelinge* in Oktober 2017. In 2018 het sy saam met Loki Rothman deelgeneem aan die **Festival voor het Afrikaans** in Amsterdam. In 2019 het sy haar 40 jaar in the musiekbedryf gevier deur 'n beperkte oplaag van 'n versamelstel getiteld **Laurika Rauch – 40 Jaar** vry te stel. Die genommerde boksies van slegs 'n 1000 kopieë het bestaan uit 15 van haar mees geliefde albums en het bie vinnig uitverkoop.

Sy en Chris het twee kinders, Simon en Nina en twee kleinkinders.

Lys van Albums

- **1979** **Debuut** (Goue status)

Dan Hill is verwerker en musiekregisseur

- **1980** **'n Jaar in my lewe**

Dan Hill is verwerker en musiekregisseur

- **1981** **Vir Jou**

Dan Hill is verwerker en musiekregisseur

- **1983** **Jy is te dierbaar** (Goue status)

Zane Cronjé is verwerker en musiekregisseur

- **1985** **Laurika op Versoek**

'n Samestelling

- **1988** **Encore! Laurika** (Goue status)

Peter McLea is verwerker en musiekregisseur

- **1990** **Stuur Groete aan Mannetjies Roux** (Platina status)

Peter McLea is verwerker en musiekregisseur

- **1991** **Grootste Treffers Volume 1** (Goue status)

'n Samestelling

- **1992** **Die Gang**

Peter McLea is verwerker en musiekregisseur

- **1995** **Hot Gates** (Goue status)

Peter McLea is verwerker en musiekregisseur

- **1996** **Grootste Treffers Volume 2**

'n Samestelling

- **1997** **The Brel Album**

Peter McLea is verwerker en musiekregisseur

- **1999** **19 Treffers van 21 Jaar** (Drie-dubbele Platina status)

'n Samestelling van haar treffers tot 1999

- **1999 Die mense op die Bus** (Goue status)

Marshall Harmse is verwerker en musiekregisseur

Die titelsnit was die temalied vir die gewilde Afrikaanse

TV reeks van Jan Scholtz - *Iemand om lief te hê*

- **2000 Hei mevrou Brown (dit gaan goed)**

Jahn Beukes is verwerker en musiekregisseur

- **2002 Vier Seisoene kind**

Peter McLea is verwerker en musiekregisseur

- **2004 My ou Tante Koba**

Leon Ecroignard, Wouter van de Venter en Clinton Waring (haar orkeslede vanaf 1998 – 2004) is die musiekregisseurs. Peter McLea neem die produksie en aanvullende verwerkings waar

- **2004 Die nuwe Trefferalbum**

'n Samestelling

- **2006 Chris se Trefferliedjies**

'n Samestelling van al die liedjies van Christopher Torr tussen 1988 en 2006

- **2007 'n Lekker verlang liedjie**

Louis Brittz is verwerker en musiekregisseur

- **2010 Tweeduisend-en-tien!**

Die album bestaan uit 1 CD met 13 splinternuwe liedjies, plus 'n bonus CD met 11 'liedjies van vroeër'. Peter McLea is die verwerker en musiekregisseur

- **2011 Laurika Rauch sing die liedjies uit *Stuur groete aan Mannetjies Roux* – die musiekspel.**

Die versamelalbum spog ook met drie splinternuwe liedjies van Christopher Torr. Lulu van der Walt is die verwerker en musiekregisseur van die drie nuwe snitte.

- **2014 Wals, wals Willemien** (Goue status)

Die album was Laurika se eerste album met hoofsaaklik oorspronklike liedjies sedert *Tweeduisend-en-tien!* Dit was baie goed ontvang en 'As ek eendag oud is' en 'Murg en Been' was op hoë rotasie op al die belangrike radiostasies geplaas. Die album het binne 3 maande na vrystelling goue status bereik. Jaconell Mouton was die hoofverwerker en musiekregisseur, tesame met Juan (Floors) Oosthuizen en Devereaux van der Hoven Oosthuizen.

- **2016 Die reis**

Juan (Floors) Oosthuizen – was die hoofverwerker en Devereaux van der Hoven-Oosthuizen, Loki Rothman en Bittereinder het ook verwerkings gedoen. Arnold Coleske was verantwoordelik vir die musiekregie, produksie en stemproduksie.

- **2017 Gunstelinge**

'n Samestelling van Laurika se gunstelingopnames tussen 2000 and 2017. 'n Nuwe weergawe van 'Kyk hoe glinster die maan', verwerk deur Loki Rothman, kan ook op die album gehoor word.

- **2019 Laurika Rauch – 40 Jaar**

'n Beperkte oplaag van slegs 1000 eenhede van hierdie genommerde versamelstel met 15 van

haar mees geliefde albums het haar 40 jaar in die musiekindustrie gedenk.

DVD's

- **2002 Kom laat ons sing – 'n Musikale reis van Laurika Rauch**
  'n Dokumentêr oor die ontwikkeling van die Afrikaanse liedjie vanaf die 1930's tot 2002. Laurika is die verteller en aanbieder, Johan Badenhorst is die regisseur. 6 Episodes.
- **2006 Laurika Rauch: Grootste Treffers *LIVE*** (Goue status)
  Dit is 'n lewendige opname van Laurika op die verhoog saam met 'n orkes waar sy haar bekendste liedjies sing. Louis Brittz is die musiekregisseur en Deon de Bruyn is die video-regisseur. Die video was in die Kleinteater in Pretoria opgeneem.
- **2013 Stuur groete aan Mannetjies Roux**
  Die film, word in Desember 2013 vrygestel. Laurika vertolk 'n karakterrol daarin en is ook verantwoordelik vir die sang op die klankbaan.
- **2015 Hart en See**
  Saam met Elvis Blue word in 2015 vrygestel. **Huisgenoot** is die mediavennoot. Hulle ontvang 'n **Tempo-toekenning** in 2016 vir **topverkoper** en **DVD van die Jaar** en ook 'n **Ghoema-toekenning** in dieselfde jaar vir **beste DVD-produksie.**

Toekennings

Onder die toekennings en nominasies wat Laurika al ontvang het, is:

- **1980** 'n ***Sarie-toekenning*** vir mees belowende sangeres
- **1980** 'n ***Dalro-nominasie*** vir die beste optrede in 'n musiekspel vir Taubie Kushlick se *Encore Brel!*
- **1988** 'n ***Gallo-toekenning*** vir haar optrede in die musiekspel V*an Berlyn tot Bapsfontein*
- **1990** 'n ***Octave-toekenning*** vir haar album *Stuur groete aan Mannetjies Roux*
- **1995** 'n ***FAK-toekenning*** vir haar volgehoue bevordering en besondere vertolking van die Afrikaanse lied.
- **1996** 'n ***ENB/SAMA*-toekenning** vir *Hot Gates*
- **1997** Die eerste toekenning van sy soort van die ***Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*** vir haar bydrae tot Ligte Afrikaanse Musiek
- **1997** 'n ***Ere-toekenning*** van haar hoërskool, Jan van Riebeeck, in Kaapstad
- **1999** 'n ***Standard Bank/SAMA nominasie*** in die kategorie BEST ADULT CONTEMPORARY ALBUM: Afrikaans, vir "Hei mevrou Brown (dit gaan goed)".
- **2001** 'n **GERAAS-toekenning**, geborg deur SABC 2 en PUKK, vir haar lewenslange bydrae tot Suid-Afrikaanse Musiek.
- **2004** Twee ***Vonk-Oscars*** vir:
  Lewenslange bydrae tot Afrikaanse musiek en

Album van die jaar – *Die nuwe Trefferalbum*

- **2004** 'n **SAMA-nominasie** vir beste volwasse kontemporêre album vir *My ou Tante Koba.*
- **2005** 'n ***GERAAS-toekenning*** vir die beste versamelalbum – *Die nuwe Trefferalbum*
- **2005** Laurika is gekies as een van vyf ***Afrikaanse ikone*** wat deur onafhanklike marknavorsing bepaal is tydens die ATKV se mediaveldtog vir *AFRIKAANS KOOK*
- **2005** 'n **KANNA-nominasie** vir PLAKBOEK saam met Amanda Strydom
- **2005** 'n ***RAPPORT en CITY PRESS prestige-toekenning***
- **2006** 'n ***HUISGENOOT Lewenslange Erkenningstoekenning***
- **2007** 'n Toekenning van ***Dames Aktueel*** vir haar **Diens aan Afrikaanse musiek**
- **2009** 'n Toekenning van die **Gariep Kunstefees, Kimberley** vir haar **Uitstaande bydrae tot die Suid-Afrikaanse Kunste**
- **2012** 'n Toekenning van die organisasie **Want ons kan!/'Cause we can!** Vir **Jare se Inspirasie**
- **2012** 'n Toekenning van **Cultivaria** vir **Uitsonderlike treffers in Afrikaans**
- **2013** **'n KANNA**-toekenning word vir die produksie **Dorothy 60 jaar** by die **KKNK** toegeken**–** waarin Laurika saam met die legendariese Dorothy Masuka, Karen Zoid en Zolani Mahola opgetree het. Regisseur: Carien Loubser en musiekregisseur: Melissa van der Spuy.
- **2014** 'n **Woordtrofee** van die **US Woordfees** vir die **beste kontemporêre musiekproduksie** by die fees vir **Liedjies vir alle tye**. Sy word begelei deur Llewellyn George (klavier en musiekregisseur), Kenny Williams (Tromme) en Eddie Steyn (baskitaar).
- **2014** **Laurika** is die **VLU** se **Kunstenaar van die jaar**
- **2014** **'n KANNA-nominasie** vir **'Hart en See'** by die **KKNK.** Dis 'n duetproduksie saam met Elvis Blue. Regisseur: Deon Opperman en musiekregisseur: Janine Neethling.
- **2015** **Die Clover-toekenning** vir die **gewildste produksie by Aardklop** vir die produksie **Nie as ek sing nie** saam met Juan (Floors) Oosthuizen, Devereaux van der Hoven-Oosthuizen en Vernette Rautenbach Wessels.
- **2015** **'n Versnit** toekenning vir **Erkenning vir 'n besondere bydrae tot die Afrikaanse Kultuurskat.**
- **2015** **'n Ghoema-toekenning** vir haar lewensbydrae.
- **2015** **'n Ghoema-toekenning** vir beste kontemporêre album deur 'n vroulike kunstenaar vir **Wals, wals Willemien**.
- **2016** **'n Kyknet Fiësta Nominasie** vir beste prestasie in 'n musiekgedrewe produksie en ook vir die beste musiekgedrewe produksie vir **Nie as ek sing nie**.
- **2016** **'n Goue toekenning** van **Coleske Artists** vir meer as 20,000 verkope van **Wals, wals Willemien.**
- **2016** **'n Ghoema-toekenning** saam met Elvis Blue vir beste DVD-produksie vir **Hart en See.**
- **2016 'n Tempo-toekenning** saam met Elvis Blue vir **Hart en See (DVD)** vir topverkoper

en DVD van die jaar.

- **2016** **'n FAK Prestige-toekenning** vir besondere kultuurprestasie vir lewenslange bydrae tot die bevordering van Afrikaanse musiek.
- **2016** **Toekenning van die Orde van Ikhamanga (brons)** van die Presidensie
- **2017** 'n **Ghoema**-toekenning vir **Luitoon van die jaar** vir 'Blou' saam met Loki Rothman
- **2017** 'n **Ghoema**-toekennig vir **Beste kontemporêre album deur 'n vroulike kunstenaar** vir 'Die reis'.
- **2017** 'n **Bokkie** vanaf **Bokradio** vir erkenning van **lewenslange diens aan Afrikaanse musiek**
- **2019** **'n Toekenning vir hulle Lewenslange bydrae word deur Innibosfees** gesamentlik aan haar en haar man, liedjieskrywer en medewerker Chris Torr, oorhandig.
- **2019** Laurika word in Desember **ingelyf by die Suid-Afrikaanse Heldesaal** vir haar bydrae tot die Uitvoerende Kunste.

Televisieoptredes sluit ondermeer die volgende in:

Regisseurs:

1.	Fyn net van die Woord (±1976/77)	Stephan Bouwer
2.	Musiek en Liriek (± 1980)	Merwede van der Merwe
3.	In revue met…Laurika Rauch (±1981)	Merwede van der Merwe
4.	Debuut (±1982)	Mario le Grange
5.	Spies en Plessis	Ollie Viljoen
6.	Potpourri	Julie Strydom
7.	Teletreffers	Johan van Rensburg
8.	Klub 88	Johan van Rensburg
9.	Laurika in België (± 1985)	Marius du Plooy/ Marc Robberechts
10.	Lekker Ligte Liedjies	Merwede van der Merwe
11.	Kom kuier saam met Laurika Rauch	Danie Odendaal
12.	Middagvertoning Met…	Deon Deale
13.	Platepraatjies	Johan Stemmet
14.	Hot Gates: 'n Dokumentêr (±1994/95)	Llewelyn Roderick
15.	April 1980 (Film)	Jan Scholtz
16.	Noot vir Noot	Stemmburg
17.	Draadloos	Kyknet
18.	DKNT	Kyknet
19.	Geraas	SABC 2
20.	Kom Laat ons Sing – 'n Dokumentêr (2002)	Johan Badenhorst (Kyknet)
21.	Huisgenoot Skouspel Plus	(2009; 2010)
22.	Huisgenoot Skouspel	(2000;2001;2002;2003; 2006;2007;2008;2009;2012;

2013; 2014)

23. Kyknet Fiëstas (2013) Ian Von Memerty
24. Kwêla (2014) Coenie de Villiers is aanbieder
25. Jam-onderhoud (2014) André Calitz
26. Die Republiek van Zoid-Afrika (2015) Carien Loubser
27. Afrikaans is Groot 2015; 2016;2017 en 2019
28. Vir Kyknet: Laurika neem deel aan 'n simposium oor die vermaaklikheidsindustrie en die besigheidsaspek in die besonder. 2016
29. Beoordeel twee episodes van **Varsity Sing** vir Kyknet. 2016
30. Bravo-onderhoud met Reynard Slabbert 2016
31. 'n Kliphard onderhoud met Derrich Garner 2017
32. 'n Bravo onderhoud met Reynard Slabbert 2017
33. The Voice – 'n gasoptrede tydens die finale vertoning 2019

Regisseur

Laurika doen die regie en samestelling van die meeste van haar eie solo-vertonings, sowel as produksies vir ander sangers soos:

- **1992** **Neem kennis** (In die Rendezvous van die Staatsteater)
  (Helena Hettema, Danie Niehaus, Illse Roos)
- **1992** **Fm Blues** (In die Momentum van die Staatsteater)
  (Coenie de Villiers)
- **1998** **Padlangs**
  (Karla du Plessis, Fanie Fouché, Dawie Nolte)
- **1998 / 1999** Die eerste aanbieding van **Drie van die Bestes/Three of the Best – *Millennium*** (Afrondingsregisseur, saam met Gerrie Jamneck)
  (Mathys Roets, Danie Niehaus, Kevin Leo)
- **1998** Stemregisseur vir die Karla du Plessis debuutalbum, **Woordeloos**
- **1999** **Neem Kennis 2**
  (Cindy Sampson, Philip Moolman, Wouter van de Venter)
  (Hierdie was 'n opdragwerk van die *Klein Karoo Nasionale Kunstefees* van 1999, gebaseer op die *Neem Kennis*-konsep van 1992)
- **2001** Stemregisseur vir Janita Claassen se **Wilde Aalwyn** album wat uitgegee is in Augustus 2001.
- **2006** ***Blou kafee*** - vir Illse Roos se optrede by die KKNK
- **2008** Behartig die samestelling en regie van 'n produksie genaamd ***Laurika en Nuwe Vriende*** in opdrag van en by die Centurionteater. Kunstenaars wat saam met Laurika opgetree het is *Ansujé*, *La Diva*, *'n Man soos Jan*, *Jaco* en *Andriëtte*.

Aanbieder van vertonings

- Laurika het saamgespan met die internasionaal-bekende plaaslike sanger/liedjieskrywer **Vusi Mahlasela** asook **Louis Mhlanga, Peter M^{C}Lea**, **Jahn Beukes** and **Deon Opperman** aan die begin van 1998 om die buitengewone produksie, **Samekoms/Kopano** aan te bied. Sy het die produksie geïnisieer as aanbieder (producer) en het ook daarin opgetree. Borgskappe is verkry van *Die Nasionale Kunsteraad*, ABSA en *Select Musiek.* Die produksie was ook in Augustus 1998 uitgenooi om by die *Museumsuferfest* in Frankfurt, Duitsland op te tree.
- **Liedjies vir alle tye** saam met Llewellyn George, Kenny Williams en Eddie Steyn
- Mede-aanbieder van **Hart en See** saam met Elvis Blue
- **Nie as ek sing nie** saam met Juan (Floors) Oosthuizen, Devereaux van der Hoven-Oosthuizen en Vernette Rautenbach Wessels
- **Blou** saam met Loki Rothman.

Sommige van Laurika se hoogtepunte – Vertonings waarby sy betrokke was:

Fangs Ken Leach is regisseur	Vir TRUK	**1977**
The Bedsitting Room Nigel Vermaas is regisseur	Vir die *Markteater*	**1978**
Encore! Brel (Laurika ontvang 'n Dalronominasie vir die beste optrede in a musiekspel vir hierdie optrede)	Vir Taubie Kushlick, by die *Chelsea-teater*	**1980**
Laurika tree op saam met **Donald Swann** (van Flanders and Swann-faam) http://en.wikipedia.org/wiki/Flanders_and_Swann **die Soweto Teacher's Choir, Mara Louw** en **Will Bernard** in 'n aand saam met **Donald Swann**, sy toonsettings van **Van Wyk Louw**-gedigte en sy eie musiek.	By die *Markteater*	**1980**
Met Permissie Gesê (die eerste volledige Afrikaanse kabaret van **Hennie Aucamp**) - Laurika toonset ook van die liedjies, ondermeer "Trapsgewyse of *Love's Old Sweet Song"*). Janice Honeyman is regisseur.	Vir die *Markteater*	**1981**
Laurika neem deel aan 'n program oor **Koos du Plessis** se musiek – saam met **Lucas Maree**, **Jana Cilliers** en **Nic Taylor**	Aan die Oos-Rand	**1984**

Wessel van Wyk word haar begeleier tot 1992		**1984 - 1992**
The Best of Brel	Vir Taubie Kushlick	**1983/ 1984**
Laurika tree op by die **Grahamstadfees**		**1987** en **1995**
Van Berlyn tot Bapsfontein met **Jannie du Toit**. Stephan Bouwer is regisseur.	By die *Club 58,* Hillbrow	**1988**
Op die Hartstog Boulevard met **Jannie du Toit.** Stephan Bouwer is regisseur	By die *Rendezvous* in die Staatsteater	**1990**
Laurika op Nagskof met Philip Moolman. Ilse van Hemert is regisseur.	By die *Rendezvous* vir TRUK	**1990**
Hoagy met **Lisa Michaelson** en **David Dennis** vir **Pieter Toerien** Jimmy Bell is regisseur	By die *Alhambra* in Doornfontein	**1990**
David Taljaard word haar begeleier tot 1995		**1992 -1995**
Tree saam met die bekende **Metropole orkes** in Utrecht op by ‘n **Kerskonsert** voor sowat 13,000 mense	In die *Prins van Oranje Hal* in Utrecht	**1993**
Tree op in **Bussum, Nederland**, tydens ‘n Suid-Afrikaanse week	By die *Jan-Tabak-*hotel	**1994**
Òòrbrug Deon Opperman is regisseur	By die *Rendezvous* vir TRUK	**1994**
Laurika sings Brel David Taljaard begelei	By die *After Dark* en later in *The Theatre on the Bay*	**1994**
Laurika Rauch sing saam met die **TFO** (Napop)	In die *Opera van die Staatsteater*	**1996**
Fanie Fouché word haar begeleier tot 1998		**1995 - 1998**
Sy neem deel aan die **Menseregtekonsert.** Victor Masondo is die musiekregisseur.	By die *Staatsteater*	**1996**
Elize en Laurika Maak Nuus saam met **Elize Cawood**. Wilson Dunster is regisseur.	By die KKNK	**1996**
Tree op saam met Fanie Fouché as begeleier **in Praag** by die Departement van Nederlandistiek se 75ste Jubileum-feesvieringe.	By die *Karels Universiteit* in Praag	**1997**
Clinton Waring, Wouter van de Venter, Leon Ecroignard en **Jahn Beukes** begelei haar gereeld van af 1998 – 2004		**1998 - 2004**
Laurika bied aan en sing in die produksie	By die *Unisa*	**1998/**

Samekoms/Kopano saam met Vusi Mahlasela. Deon Opperman is regisseur.	*Kleinteater* en ook op 'n toer, na ondermeer die *Operahuis* in Port Elizabeth en die *Museumsuferfest* in Frankfurt	**1999**
Onder **Deon Opperman** se regie word **'n vertoning** saam met **Laurika en orkes**, wat bestaan het uit **Jahn Beukes** (perkussie), **Leon Ecroignard** (bas), **Clinton Waring** (klavier en perkussie) en **Wouter van de Venter** (sang en kitaar) geskep. **Frikkie Kruger**, haar gereelde klankman, behartig die klank en **Pieter-Jan Kapp**, haar gereelde beligtingsman, doen die beligting.	Hulle word genooi om by al die feeste, sowel as in die groot sentra op te tree.	**2000-2002**
Huisgenoot Skouspelkonserte	By die *Superbowl* in Sun City.	**2000 tot 2003** **2006 tot 2009** **2012 tot 2014**
Vier Seisoene Kind -vertoning	By die KKNK	**2002**
Ons Kruis Paaie saam met **Stef Bos, David Kramer, Taliep Petersen, Denise Jannah, Frank Boeijen, Koos Kombuis** en **Ray Phiri**. Stef Bos is regisseur	By die *Oude Libertas Amfiteater*, Stellenbosch	**2002**
Laurika in die Staatsteater		**2002**
3 x **Ukkasie** in Londen:	*Stevenage* *Wembley stadion* *The Royal Albert Hall*	**2002** **2003** **2004**
Sarie Inspirasiekonserte met ondermeer **Karen Zoid, Lize Beekman, Amanda Strydom, Valiant Swart** en ander.	Toer	**2002**
Volksbladfees: **Laurika en die manne** met **Vusi Mahlasela, Valiant Swart, Coenie de Villiers, Anton Goosen, Lucas Maree, Wouter van de Venter** en **André Swiegers.** Deon Opperman is regisseur.	Die *Kallie Human-saal*	**2002**

Windhoek **Media24 Kunsfees**		**2002**
Woordfees met **Laurinda Hofmeyr, Valiant Swart, Albert Frost, Schalk Joubert, Barry van Zyl.**	*Endler ouditorium*	**2003**
Maak 3 **video's** onder regie van Deon de Bruyn: *Kom laat ons sing* *Vier Seisoene Kind* *My ou tante Koba*		**2003-2004**
Balkon met **Leon Ecroignard, Wouter van de Venter, Jahn Beukes** en **Clinton Waring**	By die KKNK	**2003**
Solovertoning	By *Artscape* in Kaapstad	**2003**
Tree op by	*Sangita en Witrivier Barnyards*	**2003**
Sasolburg **WAM fees** met **Cutt Glas, Sibongile Khumalo, Jennifer Jones, Isadora Verwey** en ander.		**2003**
Droomstoel onder regie van Deon Opperman	*Potchefstroomse Amfiteater*	**2004**
Clinton Waring word my voltydse begeleier vanaf 2004 – tot vandag		**2004 -**
Naderby by die Aardklopfees onder regie van Johan Badenhorst	*Elgro-hotel* in Potchefstroom	**2004**
Plakboek saam met Amanda Strydom	Vir die KKNK 2005 en by *Emperor's Palace*	**2005**
Tree op saam met die Greykoor en die Indomituskoor tydens die **Grey College koorfees** onder regie van Yvette Schoeman.	By die *Sand du Plessis-teater* in Bloemfontein	**2005**
Tree op in **Antwerpen,** by geleentheid van die Belgiese *Roetesfestival*	By die *Arenberg-Skouburg*	**2006**
Tree op saam met **Lize Beekman, Koos Kombuis, Coenie de Villiers, Lucas Maree, Navi Redd, Denise Jannah, Louis Brittz en Valiant Swart** in **Die Rauch Faktor** vir die **Volksblad Kunstefees**	In die *Kallie Human-saal*	**2006**
Tree op saam met die **Ekurhuleni Children's**	By die *Musaion*	**2006**

Choir.		
Maak haar vollengte 'lewendige' DVD (**Grootste Treffers *LIVE*!**)	In die *Unisa Kleinteater*	**2005/6**
Optrede saam met **Theuns Jordaan** en die **Bala-broers** by die **Huisgenoot "Kaapse Jol"**	*Grand West Casino*	**2007**
Optrede saam met orkes by die KKNK en sing *Weeping* saam met die **Bala-broers**. Hulle optrede word genomineer vir 'n Kanna-toekenning	Op die Huisgenoot-verhoog	**2007**
Optrede by **Aardpops, Aardklop** saam met 'n volle simfonieorkes onder leiding van dirigent Graham Scott en Janine Neethling.	Buitelug-optrede	**2007**
Tree vir die eerste keer op saam met die **Soweto String Quartet**	By *Aardklop*	**2007**
Tree op met 'n solo-vertoning saam met Clinton Waring.	In die *Katedraal-kelder* van die **KWV**	**2007**
Tree op in die **Carnival City Pops** onder leiding van Lulu van der Walt en Michael Hankinson (dirigent)	In die *Big Top Arena*	**2008**
Tree op by die **Deuriemikke Karnaval**	Op *Loftus*	**2008**
Kurt Darren en Laurika Rauch saam vir die Volksbladfees	*Studentekerk*	**2009**
Tree op saam met die **UPSO**	*Aula*	**2009**
Lewer by die postuum-toekenning aan Janita Claassen 'n toespraak by die **Vonk-**toekennings	*Carnival City*	**2009**
Huisgenoot **Skouspel Plus**	*Grand West Casino*	**2009**
Tree op saam met **Lize Beekman** in 'n produksie – **L2** in Port Elizabeth	*MMM Loubser Ouditorium*	**2009**
Skouspel Plus in Kaapstad	*Grand West*	**2010**
Sing by geleentheid van die **opening van die Parlement in Kaapstad**. Die aand, by die nuwe **Cape Town Stadium** is vir haar 'n hoogtepunt.	In die nuwe *Cape Town Stadium*	**2010**
Sing in **Afri-Frans** saam met **Anna Davel, Myra Maud, Mathys Roets** en **Anna-Mart van der Merwe.** Carien Loubser is regisseur en Matthys Maree is musiekregisseur.	Toer	**2010**
Sing in **Brel in Brooklyn** saam met Jannie du Toit	Die *Brooklyn-teater*	

en Christa Steyn. Esther Nasser is regisseur		**2010**
Sing **Stuur groete aan Mannetjies Roux** op Loftus voor 'n gehoor van 60,000 rugbygeesdriftiges in halftyd tydens die Bulls vs Stormers wedstryd. Mannetjies Roux staan langs haar op die veld terwyl sy sing. Die optrede word direk op SABC TV gewys en minute later kan dit op **YouTube** dwars oor die wêreld gesien word. Die doel van die optrede was om reklame te maak vir die musiekspel 'Stuur groete aan Mannetjies Roux' wat in Mei begin toer het.	*Loftus*	**19 Maart 2011**
Tree op in die musiekspel **Stuur groete aan Mannetjies Roux**, wat deur haar man, Christopher Torr geskryf is. Die stuk toer vanaf Pretoria na Kaapstad, na Johannesburg en ook na Bloemfontein. Al die vertonings is uitverkoop en menige staande toejuiging is ontvang. Die rolverdeling sluit ondermeer **Isadora Verwey, Elton Landrew, Laurika, Ilse Klink, Kyle Grant, Elizca Coetzer** en **Steffie le Roux** in. Paul Eilers is regisseur en Clinton Zerf is musiekregisseur.		**Mei - Julie 2011**
Skouspel 2012		**Oktober 2012**
Tree op in "Laurika en Vriende" saam met **Jak de Priester** en **Brandon October**. **Janine Neethling** is die musiekregisseur en Leon van Nierop die teksskrywer en regisseur. Laurika ontvang 'n toekenning van Cultivaria vir "Uitsonderlike Treffers in Afrikaans" by die geleentheid.		**Oktober 2012**
'Dorothy 60 Jaar' by die KKNK saam met **Karen Zoid, Dorothy Masuka** en **Zolani Mahola** van **Freshleyground.** Carien Loubser is die regisseur. Die produksie ontvang 'n Kanna-toekenning vir die beste musiekproduksie by die 2013 fees.		**Maart 2013**
Kyknet Fiëstas 2013. Laurika neem deel saam met **Emo Adams, Elvis Blue, Friedel Mietas** en die **Mzanzi Youth Choir.**		**Maart 2013**
Toer na Australië en Auckland NZ	Brisbane, Auckland,	**Sept 2013**

	Melbourne, Perth	
Skouspel 2013	Sun City	**Okt 2013**
Versnit by Rust en Vrede	Rust en Vrede	**Jan 2014** **Jan 2015** **Jan 2016**
Paul Cluver Amfiteater		**Jan 2014**
Maak 2 **video's** onder regie van Clinton Lubbe: *As ek eendag oud is* *Murg en Been*		**2014**
Starlight Classics	Vergelegen	**Feb 2014**
Klein Karoo Pops	Die Stadion	**Maart 2014**
Woordfees – **Liedjies vir alle tye**	Spier	**Maart 2014**
Die eerste RSG/LEFRA Oppiwater Kunstefees	Op die boot na die Portugese eilande	**Maart 2014**
Hart en See saam met Elvis Blue by die KKNK en Vryfees. Deon Opperman is die regisseur	Burgersentrum	**Maart 2014**
Gas op **Die Republiek van Zoid-Afrika**	Kyknet	**Junie 2014**
RSG doen 'n vrystelling van die album *Wals, wals Willemien* op die lug. Daar is 'n oorweldigend positiewe reaksie op die liedjies vanaf die luisteraars die middag.	RSG Tjailatyd	**Julie 2014**
Innibosfees met **Liedjies vir alle tye**		**Julie 2014**
Skouspel	Sun City	**Okt 2014**
Laurika sing saam met ander kunstenaars vir Hennie Smit, veteraan komediant en akteur, na 'n ernstige onlangse siekbed, by 'n vertoning wat deur Arina de Witt gereël word.	Atterburyteater	**November 2014**
Versnit	Rust en Vrede	**Jan 2015**
Hart en See	Spier, Die Woordfees	**Maart 2015**
Hart en See	Innibosfees	**Julie 2015**
Legends-vertoning	Innibosfees - Buitelug	**Julie 2015**
Tallard and the Ladderbird. Jessica Ng is die regisseur en teksskrywer. Nina Torr is die ontwerper, poppe-bouer (saam met Nadine Minaar) en aanbieder.	Sax Arena Centurion	**Sept 2015**
Nie as ek sing nie	Aardklop, Ouditorium	**Okt 2015**
Tree op saam met die Bloemfonteinse Kinderkoor olv Huibrie Verster met 'n repertorium wat		**Okt 2015**

hoofsaaklik uit Laurika se liedjies bestaan.		
Afrikaans is Groot	Moreleta ouditorium	**November 2015/Maart 2016**
Bravo-optrede in Mosselbaai met Clinton Waring	Tsogo Sun	**Des 2015**
Nie as ek sing nie	Paarl Taalmonument	**Jan 2016**
Manna vir die Boere- konsert Haar Facebook-inskrywing oor die konsert: By die 'Manna vir die Boere'-konsert op die 20ste Februarie '16, 'n konsert wat gehou was om fondse in te samel vir die droogte-geteisterde boere - was al die kunstenaars saam op die verhoog toe ons 'Stuur groete aan Mannetjies Roux' begin sing het as 'n gepaste afskeidsliedjie. Dit was 'n baie warm, droë, sonnige dag, maar toe die konsert begin, het die wolke voor die son getrek en so gebly vir omtrent die hele konsert. Toe ons almal die refrein - 'O stuur ons net so 'n bietjie reën' begin sing, het die druppels een-een begin val. Toeval? Teen die tyd dat die vertoning verby was, was daar 'n tipiese Gautengse wolkbreuk. Ek weet net dat van die mense wat daardie dag in die Amfiteater was gesê het - terwyl hulle na hulle motors toe loop - 'Natreën was nog nooit so lekker nie'.	Voortrekker-monument Amfiteater	**Feb 2016**
Woordfees Pops	Coetzenburg Stadion	**Maart 2016**
Nie as ek sing nie by die KKNK	Burgersentrum	**Maart/April 2016**
Hart en See by die Suid-Oosterfees	Artscape	**2016**
Nie as ek sing nie	Parkview Barnyard	**Junie 2016**
Maak ‘n video van ‘Blou’ saam met Loki Rothman	Danie Nel en Mari Conradie is die regisseurs	**Okt 2016**
Afrikaans is Groot	Moreleta ouditorium en Grandwest Arena	**Nov 2016 en Maart 2017**
Tree op saam met Loki Rothman	Jason’s Hill Wynplaas	**Januarie 2017**
Blou saam met Loki Rothman	Woordfees (Spier); Atterburyteater; Vrystaatse Kunsfees	**Maart 2017** **Mei 2017**

	(Sand); Aardklop	**Julie 2017 Oktober 2017**
Met liefde	Grandwest Arena	**Julie 2017**
Liefde by die dam	Emmarentiadam	**Aug 2017**
Stars for Charity	Emperors palace	**Sept 2017**
Afrikaans is Groot	Menlyn Maine Casino en Grandwest Arena	**Nov/Des 2017 en Maart 2018**
Blou met Loki Rothman	Oude Libertas Amfiteater, Stellenbosch	**Januarie 2018**
Digby my hart met Anton Estherhuyse	Woordfees (Stadsaal, Stellenbosch)	**Maart 2018**
Eeufeeskonsert	Woordfees (Coetzenburg Stadion, Stellenbosch)	**Maart 2018**
Blou met Loki Rothman	KKNK (Burgersentrum, Oudtshoorn)	**April 2018**
Suidoosterfees, Vryheidsdagkonsert	Kunstekaapteater, Kaapstad	**April 2018**
Laurika in konsert met Clinton Waring	Atterburyteater, Pretoria	**Junie 2018**
Blou met Loki Rothman	Innibos, Sanlam Ouditorium, Nelspruit	**Junie 2018**
Spar Kirkwood Wildsfees met Loki Rothman	Kirkwood open air venue	**Julie 2018**
Festival voor het Afrikaans met Loki Rothman	Amsterdam	**Sept 2018**
`n Reeks optredes saam met skoolkore en met Loki Rothman	In verskeie sentra Lorraine Coetzer en Bennie Robinson is die aanbieders	**2018**
`n Reeks optredes vir Optog!	In al die Provinsies	**Junie – Oktober 2019**
Afrikaans is groot Laurika se laaste optrede voor `n gehoor was ten tye van **Afrikaans is groot** op 1 Desember 2019. In 2020 het COVID gekom.	Menlyn Maine Casino	**Des 2019**

Sommige van die musikante en sangers saam met wie Laurika al gewerk het:

Sangers:
Amanda Strydom
Andriëtte Norman
Anna Davel
Ansujé
Anton Goosen
Bala-broers
Binky Rose
Bok van Blerk
Christa Steyn
Clarabelle van Niekerk
Clinton Waring
Coenie de Villiers
David Dennis
David Kramer
Denise Jannah
Des Lindberg
Die Heuwels Fantasties
Dorothy Masuka
Elvis Blue
Emo Adams
Etienne Steyn
Frank Boeijen
Jaco van der Merwe
Jak de Priester
Jannie du Toit
Jay
Jennifer Ferguson
Joshua na die reën
Karen Zoid
Kevin Leo
Koos Kombuis
Kurt Darren
Kyle Grant
Laurinda Hofmeyr

Lisa Michaelson
Loki Rothman
Louis Brittz
Mathys Roets
Mynie Grové
Myra Maud
Mzanzi Youth Choir
Nataniël
NAVI REDD
Nick Taylor
Philip Moolman
Ray Phiri
Refentse
Ricus Nel
Riku Lätti
Sias Reynecke
Sibongile Ngoma
Soné Joubert
Stef Bos
Steffie le Roux
Timothy Moloi
Taliep Pietersen
Valiant Swart
Vrystaatse Kinderkoor
Vusi Mahlasela
Wouter van de Venter
Zolani Mahola
Tromme en perkussie:
Barry van Zyl
Bruce Wallace
David Klassen
Godfrey Mgcina
Jahn Beukes
Kevin Kruger
Neil Ettridge
Reuben Samuels
Rob Watson
Tim Rankin

Vinnie Henrico
Kitaar:
Abraham Helberg
Albert Frost
Colin Drew
Danny Smoke
Gideon Botes
Henry Steel
Juan (Floors) Oosthuizen
Littlejohn Ferrier
Loki Rothman
Louis Brittz
Louis Mhlanga
Marshall Harmse
Mauritz Lotz
Michael Bester
Nathan Smith
Ricus Nel
Tony Cox
Wouter van de Venter
Klavier en klawerbord:
Afzal Ishmail
Clinton Waring
Clinton Zerf
David Taljaard
Didi Kriel
Fanie Fouché
Janine Neethling
Laurinda Hofmeyr
Llewellyn George
Lindsay Heard
Lizanne Helberg
Louis Brittz
Lulu van der Walt
Mathys Maree
Melissa van der Spuy
Peter McLea
Richard Clayderman

Siegfried Pretsch
Wessel van Wyk
Baskitaar:
Denny Lalouette
George Wolfaardt
Leon Ecroignard
Nippy Cripwell
Rixi Roman
Schalk Joubert
Schalk van der Merwe
Spiro Paxinos
Saksofoon:
Brendon Ross
Hiram Koopman
Mike Faure

Van die regisseurs saam met wie Laurika al gewerk het:

Barry Pretorius
Carien Loubser
Deon Opperman
Devereaux van der Hoven Oosthuizen
Esther Nasser
Gerben Kamper
Ilse van Hemert
Janice Honeyman
Janine Neethling
Jannie Pretorius
Jessica Ng
Jimmy Bell
Johan Badenhorst
Ken Leach
Leon van Nierop
Nigel Vermaas
Paul Eilers
Pieter Swanepoel
Ralph Mogridge

Robin Malan
Stef Bos
Stephan Bouwer
Taubie Kushlick
Victor Masondo
Wilson Dunster

'n Paar "eerstes" vir Laurika:

- **1976** Die eerste keer dat sy 'n toonsetting gedoen het was met 'n kommissie van Robin Malan van TRUK, om vir Brecht se ***The Exception and the rule*** te toonset.
- ***1979*** ***Kinders van die Wind*****,** haar eerste trefferliedjie, was nommer een op die Radio 5 Treffersparade vir 5 weke en het op die Springbok Radio Treffersparade vir 11 weke gebly nadat dit nommer 5 bereik het.
- **1981** Sy neem deel aan die eerste Afrikaanse Kabaret: ***Met Permissie gesê*** (van Hennie Aucamp) by die Markteater.
- **1981** Sy tree op tydens die **opening van die Staatsteater.**
- **1988** Sy palm die Gallo-Toekening 1988 in: Hierdie gesogte toekenning is vir die eerste keer vir 'n Afrikaanse produksie gegee vir die beste optrede in 'n musiekspel **(*Van Berlyn tot Bapsfontein*).**
- **1990** Haar ***Stuur Groete aan Mannetjies Roux*** was die eerste vroulike Afrikaanse album wat op CD vrygestel is.
- **1997** Sy ontvang 'n erepenning, die eerste toekenning van sy soort, vir haar bydrae tot Ligte Afrikaanse musiek van die **Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.**
- **1999** Die eerste keer dat sy 'n multimediasnit op 'n CD ingesluit het – was op ***19 Treffers van 21 Jaar*** – 'n Skermskut vir jou rekenaar.
- **2004** Die volgende CD met multimedia-snitte op is ***My ou Tante Koba,*** waarop daar twee video's vir die rekenaar ingesluit was.
- **2004** Sy stel haar en Johan Badenhorst se dokumentêre DVD oor die ontwikkeling van die Afrikaanse liedjie sedert die dertigerjare ***(Kom laat ons sing – 'n Musikale reis)*** vry saam met van die heel eerste Afrikaanse DVD's wat in die mark kom.
- **2011** Sy tree op in Christopher Torr, haar man, se eerste musiekspel, ***Stuur groete aan Mannetjies Roux.***
- **2013** In September reis Laurika en begeleier Wessel van Wyk en haar span vir die eerste keer vir **'n toer na Australië** en **Auckland**.
- **2014** Laurika tree op by die eerste **RSG/LEFRA Oppiwater Kunstefees**
- **2013-15** Sy tree op as beoordelaar vir die **Ghoema**-toekennings
- **2014** Sy sing 'Die mense wat ek lief het' vir 'n **Huisgenoot** advertensie
- **2017** Sy wen haar eerste **Luitoon van die jaar**-toekenning by die **Ghoemas** saam met Loki Rothman vir 'Blou'

- **2017** Laurika word in 2017 **digitaal beskikbaar** vir die eerste keer. Sy kan nou vanaf al die platforms afgelaai of gestroom word.
- **2020** Laurika word in Oktober 2019 vir ‘n jaar aangestel as beskermvrou van die *Borg ‘n Woord* - projek van die WAT (Die woordeboek van die Afrikaanse taal). wat.co.za

Opsomming van werk wat Laurika al gedoen het:

- Afrikaansonderwyseres:
  Roggebaai Opleidingskool Kaapstad (1973);
  HS Riverlea Johannesburg (1977/1978)
- Afrikaansonderwyseres vir immigrante:
  Sandown High School Sandton (1978/1979)
- Selekteerder vir Kinderslaapklere**:**
  Woolworths Hoofkantoor, Kaapstad (1974)
- Voltyds aktrise :
  TRUK SPEELWERK Pretoria (1975/1976)
- Vryskutaktrise:
  Ondermeer by die Markteater in Johannesburg (1977/1978)
- Eerste televisie-optrede:
  Fyn Net van die Woord (1977)
- Komponis (Toonsettings) onder meer:

1. **Toemaar die Donker man**
2. **Ballade van 'n Koningsdogter**
3. **Katrina**
4. **Niks hang so rooi soos wingerdblaar by Hexrivier**
5. **Met Transistor innie hand**
6. **Nalekokers**
7. **Trapsgewyse (of *love's old sweet song*)**
8. **Windliedjie**
9. **Moenie dat die kinders hoor nie**
10. **Meraai se saamry**
11. **Kom sny die papaja**
12. **Begin Somer**
13. **Lippetaal**
14. **Die Stout Kat**
15. **Bitterbessie dagbreek**

- Sangeres **:**
  Voltyds sedert (1979)
- Skrywer van ‘n plate-resensierubriekkolom **(Klinkgoed):**
  vir **Radio & TV Dagboek (± 1980-1982)**

- Lektrise in sang vir Dramastudente :
  Aan die UP (±1983-1986)
- Lektrise in sang, asook drama-in-opvoeding :
  Johannesburgse Kollege vir Opvoeding (±1988)
- Stig ***Laurika Rauch Produksies Bk*** en later (***Edms) Bpk*** **(1993)**
- Stemregisseur vir die Karla du Plessis debuutalbum**:**
  Woordeloos (1998)
- Regisseur van verskeie musiekproduksies **(1992 - 1999)**
- Aanbieder (Producer):
  Samekoms/Kopano (1998)
  Hart en See (Mede-aanbieder saam met Elvis Blue)
- Stig saam met haar vennoot en goeie vriendin, Marlene Serfontein, 'n uitgewery, ***Laurika Boeke Bk*** **(1999).** Hulle enigste, maar baie suksesvolle, publikasie verskyn in Maart 1999 as ***Laurika Rauch: Treffers vir Klavier en Kitaar.*** Die 17 liedjies is deur Peter M^{c}Lea verwerk vir 'n middelregisterstem vir klavier en kitaar. Die boek is 'n koppel-publikasie met haar album ***19 Treffers van 21 Jaar*** wat ook in 1999 vrygestel is. Die musiekboek bestaan uit 17 liedjies, met foto's en inligting oor Laurika se loopbaan wat op daardie stadium oor 21 jaar strek. Twee aparte musiekstukke is ook daarna verwerk: ***Die mense op die Bus*** en ***Kabouterliefde*****.** Die musiekboek is nou uit druk uit maar is steeds elektronies beskikbaar op haar webbladwinkel by https://www.laurikarauch.com.
- Laurika se offisiële Youtubekanaal kan geniet word of by aangesluit word by **https://www.youtube.com/channel/UCKkyPN2KOF29HX9-bEnsKig.**
- Sy stig haar **eerste webblad** in Julie 2001 https://www.laurikarauch.com **(2001)**
  Die webblad geniet **vier volledige hersienings** in **2004, 2011, 2014** en **2018.**
  Haar huidige webblad word ontwerp en onderhou deur Tania Fourie van **websitevision.co.za**

fin